SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 26 JANUARIE 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. 'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag:

NOMINASIES VIR SARL-TOEKENNINGS SLUIT OP 31 JANUARIE

OPLEIDING VIR DIE RADIO AMATEUR-EKSAMEN

en

DIE 2020 SECUNDA AMATEURRADIOKLUB VELDDAG

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Gunther Kanz, ZS5GUN, op 17 Desember 2019 stil geword het.

Ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

POUSE

NOMINASIES VIR SARL-TOEKENNINGS SLUIT OP 31 JANUARIE

Die sluitingsdatum vir nominasies vir die verskillende SARL-toekennings en trofeë, die benoemings om op die Raad te dien en vir mosies wat op die AJV bespreek sal word, is middernag op Vrydag 31 Januarie 2020. Die dokumentasie moet na sekretaris@sarl.org.za gestuur word. Moenie wag tot Vrydagoggend om jou nominasies in te dien nie.

ZS95SARL VIER 95 JAAR VAN AMATEUR RADIO

Die spesiale roepsein ZS95SARL is beskikbaar vir Klubs om gedurende 2020 te gebruik. Kontak die SARL Sekretaris by secretary@sarl.org.za om 'n gleuf te bespreek om die roepsein te gebruik. Aan die einde van die gleuf tyd, moet 'n ADIF-logboek teruggestuur word sodat dit opgelaai kan word na die meester logstaat. ZS95SARL is aktief op QO-100.

VYF JAAR LISENSIES

Na afloop van die artikel in SARL Nuus verlede Sondag, het die SARL Sekretaris 24 e-posse ontvang. Die dokumentasie sal nou aan die SARL/OKOSA-

skakelkomitee oorhandig word om die aangeleentheid met OKOSA te bespreek. Dankie aan diegene wat gereageer het.

OPLEIDING VIR DIE RADIO AMATEUR-EKSAMEN

Die Hammies ARK bied 'n 12-weke RAE-kursus aan by die Nasionale Amateurradiosentrum. Die eerste sessie het op Saterdag 25 Januarie plaasgevind. Klasse word op Saterdae van 09:00 tot 12:00 aangebied en die kursus is geskik vir jongmense tussen tien en vyftien jaar. Kontak Noel Hammond, ZR6DX per e-pos zr6dx@iafrica.com en selfoon 082 490 9934 of Graham Busse, ZS6GL per e-pos grahambusse@vodamail.co.za en selfoon 083 442 7777

Die Magalies Amateurradioklub bied RAE-klasse aan wat op Saterdag 1 Februarie 2020 om 08:30 begin. Die klasse word in die MRK-klubhuis op die hoek van Mills en Breyerlane in Waverley, Pretoria, aangebied. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na sekretaris@zs6mrk.org of kontak die voorsitter, Thys Maree, ZS6MJM op selfoon 082 565 6087. Besoek die MRK-webwerf by www.zs6mrk.org waar jy die RAE-handleiding kan aflaai.

FM- EN GG-KOMPETISIES VOLGENDE NAWEEK

Die SARL BHF/UHF FM QSO Geselligheid is 'n prettige aktiwiteit op die simpleks frekwensies van die BHF- en UHF-bande en bied aktiwiteite aan FM-stasies om die vermoë van die operateur en stasie prestasie op simpleks te toets. Dit stel beginners in staat om op die lug te kom sonder om 'n herhaler te gebruik. Die QSO-geselligheid word van 12:00 tot 16:00 UTC op Saterdag 1 Februarie gehou met aktiwiteite op 6, 4 en 2 meter, 70 en 23 sentimeter. Die uitruiling is jou roepsein, 'n sein verslag en jou naam en ouderdom. Logstate moet teen 10 Februarie 2020 per e-pos na contest@sarl.org.za gestuur word en sertifikate word uitgereik vir alle logstate ontvang.

Die Antieke Draadloos Vereniging GG Aktiwiteitsdag vind van 13:00 tot 15:00 UTC op Sondag 2 Februarie plaas met die doel om soveel moontlik amateurs op die 20, 40 en 80 m amateur bande te kontak. Die uitruil is 'n RST-verslag, jou naam en Ruitblok en daar is 4 klasse deelname. Logstate moet teen Maandag 17 Februarie 2020 by andyzs6ady@vodamail.co.za ingedien word

Die reëls kan gevind word op bladsy 53 en bladsy 20 van die 2020 SARL-Kompetisiehandleiding.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

DIE 2020 SECUNDA AMATEURRADIOKLUB VELDDAG

Die Secunda Radioklub, ZS6SRC, hou sy jaarlikse Velddag week van 20 - 29 Maart 2020 (gedurende die skoolvakansie) by die Trichardtsfonteindam, net buite Secunda. Dit is die perfekte geleentheid om ervaring op te doen in 'n gesimuleerde DXpedisie. ZS6SRC beplan om te werk op HF - 160, 80, 40, 20, 17, 15, 12 en 10 m en op BHF/UHF - 6 m en satelliete (stem en digitaal) en QO-100 satelliet bediening sal ook beskikbaar wees. Die Secunda ARK vereis

dat alle operateurs die Klub roepsein, ZS6SRC moet gebruik voordat hulle addisionele kontakte met hul eie of Klub roepsein gebruik.

Akkommodasie. Slegs kampeer - bring jou eie tent en/of karavaan. Daar is storte met warm en koue water beskikbaar, toilette en 220 V. Die Seiljagklub vra 'n fooi van R40 per nag. Elke persoon moet sy/haar/groep se eie kos voorsien (beplan om elke aand te braai); sy/haar eie bekers en eetgerei; sy/haar eie stoel; 'n flitslig; muskiet weermiddel, sonbrandmiddel en 'n hoed. 'n Toesighouer moet alle deelnemers jonger as 18 jaar vergesel en geen swem in die dam sal toegelaat word nie.

Die Klub benodig ook borge. Kontak Gert, ZS6GC as jy weet van iemand wat kan help om die geleentheid te borg. As jy van plan is om die Velddag by te woon of om te borg, kontak Gert Botha, ZS6GC op mobiel +27 82 771 0663 of e-pos gertb@cybersmart.co.za

DIE 2020 INTERNASIONALE VUURTORING EN LIGSKIP NAWEEK

Die 2020-byeenkoms vind plaas gedurende die vierde naweek van Augustus, aangesien die 75ste herdenking van die Oorwinning in die Stille Oseaan (VP) Dag op 15 Augustus 2020 herdenk word. Die ILLW duur van 00:01 UTC op 22 Augustus tot 24:00 UTC op 23 Augustus 2020.

Die Bo-Karroo ARK het 'n inisiatief begin om 'n nasionale komitee te stig om die nodige toestemming van die owerhede te verkry om die vuurtoring fasiliteite te gebruik. Hulle nooi Klubs en individue uit wat van plan is om hierdie jaar deel te neem, om 'n lid van jou klub te nomineer om aan hierdie komitee deel te neem.

Stuur die besonderhede van jou genomineerdes saam met die naam van die Vuurtoring wat julle wil aktiveer teen 30 Maart 2020 na zs3vdk@webmail.co.za.

DIE UITSLAE VAN DIE WOENSDAG 80 M KLUB NAELLOOP

Die kompetisie komitee het 59 logstate ontvang vir die 80 m Klub Naelloop gehou op Woensdag 15 Januarie. Vier van die logstate is kontrole logstate. Dit was gehoop om die uitslae in HF Happenings 883 te publiseer, maar omdat baie deelnemers met die uitleg van die Excel logstaat gepeuter het, moet alle logstate eers gekorrigeer word voordat die puntetelling gedoen kan word. Al wat jy moet invul is die datum, tyd, roepsein gewerk, frekwensie, modus, uitruiling gestuur, uitruiling ontvang en die 2 punte per QSO en 2 punte vir elke nuwe ruitblok wat gewerk is. Die berekeninge word op die sigblad gedoen. So maklik soos dit!

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Daar is tans geen sonvlekke sigbaar nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan bruikbare DX openinge op die 15 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

31 Januarie die sluitingsdatum vir AJV mosies, SARL Toekennings- en Raad nominasies. Die sluitingsdatum vir 'n samevatting van die referaat vir die Ontsluit Amateur Radio Tegnologie Simposium 01 Februarie die SARL BHF/UHF QSO Geselligheid 2 Februarie AWA GG Aktiwiteitsdag 7 en 8 Februarie die SARL Raad vergader by die NARS 8 en 9 Februarie die SARL Nasionale Velddag 13 Februarie Wêreld Radio Dag 22 Februarie - die 2020 AJV-boekie beskikbaar vir aflaai 23 Februarie die SARL RTD Kompetisie 27 Februarie - Internasionale Melktert dag 28 Februarie - sluitingsdatum vir samevattings van AMSAT SA referate

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die sluitingsdatum vir nominasies vir die verskillende SARL-toekennings en trofeë, die benoemings om op die Raad te dien en vir mosies wat op die AJV bespreek sal word, is middernag op Vrydag 31 Januarie 2020. Die dokumentasie moet na sekretaris@sarl.org.za gestuur word. Moenie wag tot Vrydagoggend om jou nominasies in te dien nie.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte. indien moontlik in beide Engels en Afrikaans, op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending deur Andy, ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruin, ZS6JHB en gelees deur ……..

Van die Nuusspan, beste wense vir die week wat voorlê!